

**15 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 10:1-20**  
**Fokusgedeelte: Lukas 10:20**

### **Christus is en beheer ons met blydschap**

Elke mens wil graag op hierdie aarde bly wees, want teenoor blydschap staan tog hartseer en bekommernis en droefheid. Daarom is blydschap in elkeen van ons lewe só belangrik! Ongelukkig is blydschap so ontsettend tydelik. So gou kan 'n mens se blydschap wéér hartseer word. In Lukas 10 stuur Christus twee en sewentig dissipels uit om die evangelie te gaan verkondig. As hulle terugkom en aan Christus oor hulle sending rapporteer, is hulle vól blydschap, want "...selfs die duiwels onderwerp hulle aan ons by die hoor van U naam" (vers 17). Maar ook daardie blydschap kan so maklik verdwyn. Daarom Christus se woorde in ons kernvers: "...wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is" (vers 20). Dit is opregte Christenblydschap om te weet: My naam is in die hemel opgeskryf ... deur niemand minder as die ewige God self! Sulke blydschap is nie aards of tydelik nie. Dit kan nie tot niet gaan of in droefheid verander nie. Dit is hemels en Goddelik en ewig, want sulke blydschap is gesetel in die oorwinning van Christus aan die kruis. Om elke dag bly te wees oor die verlossing van Christus – dat jou naam in die hemel opgeskryf staan – is innig en blywend. Daarvoor sorg Christus deur sy liefde en genade. Ervaar daarom vandag daardie blydschap te midde van ál jou aardse ellende!

Sing: Psalm 8:3,4

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)